

MARKUS
Johannes
fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

In Markus 4 en 5 sien ons Jesus se wonderwerke op verskillende maniere en Hy oorwin die natuur, demone, siekte en selfs die dood.

Lees **Markus 5:21-43** – twee stories wat gelyk gebeur en mekaar aanvul. Let veral op die verwysings na **tyd** in die gedeelte.



# MARKUS 5:21-43



ON TIME
ON TIME
DELAYED
ON TIME
AL456
AW056
TY266



Jaïrus het ‘n krisis op hande en verg dringend Jesus se aandag en as gevolg van ‘n vertraging, verander Jaïrus se krisis in ‘n groter krisis, maar Jesus word nie aangejaag nie.  Hy het tyd vir almal.  Sy tydsberekening is op die einde perfek en daarmee oorwin Hy nie net siekte nie, maar ook die dood.

*Waar het jy al vertragings in jou lewe beleef?*

*Waar was jy al gefrustreerd omdat dinge nie uitgewerk het soos wat jy dit beplan het of wanneer jy wou hê dit moes gebeur nie?*

*As jy terugkyk, hoe het tyd jou al laat groei en geleer?*

# TYDSBEREKENING



*Hoe dink jy verskil Jaïrus en die vrou se lewens van mekaar, veral in hul kultuur en omstandighede?*

Jesus maak geen onderskeid in terme van status, titel, rang of krisis nie. Inteendeel, Hy gee voorkeur aan ‘n buitestaander, wie se naam nie bekend is nie, en wat deur die gemeenskap uitgeskuif is as gevolg van haar siekte.

*Wat wys dit vir ons van Jesus?*

Jesus is naby die gebrokenes.  Sy genade is vir almal.  Sy prioriteite is perfek – Hy weet beter wat is belangrik en dringend as wat ons weet.

# PRIORITEIT



Jaïrus wil sy dogter van haar siekte genees, maar Jesus weet iets wat hy nie weet nie – dat Hy ook die dood kan oorwin en nie net siekte nie. Jesus het werklik outoriteit om soveel meer te doen as wat ons dink.

*Hoe sien jy nog Jesus se outoriteit in die teksgedeelte?*

Die krag wat uit Jesus gaan wanneer Hy die vrou met bloedvloeiing genees, is so kragtig dat Hy dadelik die swakheid ervaar en Sy dadelik genees word.

**Lees weer vers 41.** *Wat staan vir jou uit in hierdie woorde van Jesus?*

# OUTORITEIT




Talita koem

Talita koem is ‘n troetelnaam wat dui op Jesus se persoonlike vaderhart, maar ook dat Hy absoluut gesag het oor die dood en dit met die grootste rustigheid en kalmte kan verdryf.

*Hoe laat dit jou voel in krisis tye?*

*Hoe reageer jy wanneer jy krisisse beleef? Hoe dink jy kan jy dit beter hanteer?*

Jesus se rustigheid is ‘n teken van Sy absolute outoriteit – Hy het ook beheer oor jou grootste krisisse – wat vir jou groot en onmoontlik lyk, is vir Hom klein en eenvoudig.



'HY IS WELISWAAR DEUR SWAKHEID GEKRUISIG, MAAR HY LEEF DEUR DIE KRAG VAN GOD. SO IS OOK ONS SWAK IN HOM, MAAR TEENOOR JULLE SAL ONS SAAM MET HOM LEEF, UIT DIE KRAG VAN GOD. '

2 KORINTIËRS 13:4

Jy sal meer **gee** en meer **kry**
as wat jy gedink het…



Wanneer ons op Jesus vertrou, kry ons MEER as wat ons verwag het.  Die vrou met bloedvloeiing is van haar siekte genees, en het daarmee saam selfvertroue, geloof en ‘n vol lewe ontvang.

Jesus het meer bewys aan Jaïrus en sy gesin as wat Hy net ‘n siek kind se koors sou wegvat.

MAAR

Dit gaan ook MEER van jou vra as wat jy gedink het…

Meer geduld.

Meer vertroue.

Meer gebed.

Jou lewe.



'LAAT HIERDIE EEN SAAK EGTER NIE BY JULLE VERBYGAAN NIE, GELIEFDES: BY DIE HERE IS EEN DAG SOOS DUISEND JAAR, EN DUISEND JAAR SOOS EEN DAG. DIE HERE STEL NIE DIE BELOFTE UIT, SOOS PARTY MENSE DINK NIE. INTEENDEEL, HY IS GEDULDIG MET JULLE, OMDAT HY NIE WIL HÊ SOMMIGE MENSE MOET VERLORE GAAN NIE, MAAR DAT ALMAL TOT BEKERING MOET KOM. '

2 PETRUS 3:8-9

# GELEENTHEID



*Hoe dink jy kan vertragings of ekstra tyd goed wees vir jou?*

*Wat wil God vir jou leer of wys in hierdie tye?*

Dalk neem God nie dadelik jou krisis weg nie, want dis ekstra tyd wat jy met Hom kan spandeer.  Dalk neem Hy langer omdat Hy beter weet… om jou iets te leer… of te wys…

Moenie so haastig wees nie.  Moenie dinge aanjaag nie.  Moenie onnodig paniekerig raak nie.  Plaas jou vertroue in God en gebruik die geleenthede wat Hy jou gee tot eer van Hom.



IS JESUS BESIG OM IETS IN JOU LEWE UIT TE STEL… WAARIN JY HOM MOET VERTROU?

# LEEF & Beweeg

fresh

NES JY IS, WAAR JY IS